Liewe vriende

Die afgelope maand of twee het ons some 'n besige tyd gehad, deurspek met mooi dinge.

Okomuhuka het 'n besoek van 'n uitreikspan van Potchefstroom-Mooirvier NGK gehad. Op die foto's: die span van Potch, en 'n hele groep mense van Gobabis waarmee ons die Sondag-erediens by Tallismanus gaan besoek het. Een van die plekke waar die span gewerk het, was by die laerskool, waar hulle die Evangelie bedien het. Johan is op die foto besig om te praat oor die tema van "Ekself op die troon, of Jesus op die troon van my hart." Daar het mense, klein en groot, oorgawes aan die Here Jesus gemaak tydens die uitreik. Bid vir groei.

So tussendeur vergeet mens dat daar ander kinders is wat sulke dingetjies soos tandeborsel nie as vanselfsprekend ken nie. 'n Groot luukse om hier by Lig vir die Kinders met regte tandepasta te kan borsel en die gesiggies is soms komieklik.

Maar daar is meer: die mense wat so hard werk met die kinders kan ook iets besonders beleef: deur middel van die organisasie SUNI is drie lede van Lig vir die Kinders op die oomblik op 'n uitruil-besoek aan Duitsland. Op die foto: voor hulle vertrek. Van ons kant het Jac-louis en Gijsbertha 'n groot werk gedoen om dit te verwesenlik. Bid dat die besoek 'n koninkryks-doel sal dien.

Ons Ringsvergadering (Ring van Windhoek is van môre tot Sondag by Swakopmund. Ons beleef die seën van liefde en Psalm 133 in die kerk en ons bid dat die Here dit sal behou, sodat ons ons roeping as kerk kan uitleef.

Kort daarna maak ons reg vir die uitreik van VGK Bloemfontein Heidedal.

Dankie vir mense wat ons gereeld verseker van voorbidding!

Vrede

Henk